## 19.4 RAPPORT 3: DEPUTATE JEUGSORG – JEUGKANTOOR (Art 96)

## 19.4 REPORT 3: DEPUTIES YOUTH – YOUTH OFFICE (Art 96)

A. Ds CB Robinson stel die Rapport.
Rev. CB Robinson tables the Report.
B. ‘n Dankwoord word aan sr Wilna Myburgh gerig.
A word of thanks is addressed to Sr Wilna Myburgh.
C. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

D. **RAPPORT / REPORT**

| | |
|---|---|
| **1. Opdrag** | **1. Mandate** |
| 1.1 Acta 2018:150 3.1: Die Jeugkantoor gaan voort met sy goedgekeurde funksie. | 1.1 Acta 2018:150 3.1: The Youth Office is to continue fulfilling its approved function. |
| **Besluit: Kennis geneem.** | **Decision: Noted.** |
| **2. Sake waarvan die Sinode kennis neem** | **2. Matters that the Synod takes note of** |
| 2.1 In opdrag van die Sinode is ‘n Jeugsorg Assistent op 1 Februarie 2015 aangestel. Hierdie pos is deur Wilna Myburgh gevul. Sy is uiters bekwaam, hardwerkend en kreatief. Sy is onontbeerlik in die werksaamhede van die Deputate Jeugsorg en die Deputate is baie dankbaar vir die werk wat sy verrig. | 2.1 Upon instruction of the Synod, a Youth Ministry assistant was appointed on 1 February 2015. This position was taken up by Wilna Myburgh who is exceptionally capable, hardworking and creative. She is essential to the work of the Deputies Youth Ministry and the Deputies are infinitely grateful for the work she performs. |
| 2.2 Die kantoor word van Maandae tot Vrydae, van 08:00 tot 13:00, beman. | 2.2 The office hours of the office are Monday to Friday, from 08h00 to 13h00. |
| 2.3 Die kantoor is primêr verantwoordelik vir kommunikasie, die Deputate se webblad en Kruispad-tydskrif se webblad, samestelling en die betrokke administratiewe take. | 2.3 The office is primarily responsible for communication, the Deputies’ website and Kruispad’s website, compilation and the relevant administrative tasks. |
| 2.3.1 <u>Kommunikasie</u> | 2.3.1 <u>Communication</u> |
| 2.3.1.1 Wat kommunikasie betref is die kantoor verantwoordelik vir skakeling met die Deputate Jeugsorg en die onderskeie gemeentes van die GKSA deur middel van nuusbriewe, die GK Jeug-webblad en die Kruispad-tydskrif se digitale mediakanale. | 2.3.1.1 The office liaises with the Deputies Youth Ministry and the churches of the GKSA by means of newsletters, the GK Youth website and the digital media platforms of the Kruispad magazine. |
| 2.3.1.2 Die Jeugkantoor het hom ernstig hierdie afgelope jare toegespits op die verbetering van die jeugbediening en Kruispad-tydskrif se aanwesigheid op sosiale media, asook die kommunikasiekanale tussen die jeugkantoor en die res van die Admin Buro. | 2.3.1.2 The Youth Office has focussed in-depth the past years on the improvement of the youth ministry and Kruispad’s presence on social media, as well as communication channels between the Youth Office and the rest of the Admin Bureau. |
| 2.3.2 <u>Webblad</u> | 2.3.2 <u>Website</u> |
| 2.3.2.1 Wat die Deputate se webblad betref | 2.3.2.1 The office is responsible for updating |

| | |
|---|---|
| is die kantoor verantwoordelik vir die opdatering en ontwikkeling daarvan by www.gkjeug.co.za | and developing the Deputies' website, namely www.gkjeug.co.za. |
| 2.3.2.2 Die primêre doel van die webblad is om 'n plek te wees waar gemeentes en/of individue toerusting en hulpmiddels rakende jeugbediening kan bekom (bv. Bybelstudies, idees vir speletjies, handleidings vir groepleiers by Konings-kinderskampe). | 2.3.2.2 The main goal of the website is to be a place where churches and/or individuals can find equipping material and aids for youth ministry (e.g. Bible studies, game ideas, manuals for group leaders at King's Children Camps). |
| 2.3.2.3 'n Skakel na hierdie webblad verskyn op die GKSA-webblad. | 2.3.2.3 A link to this website appears on the GKSA website. |
| 2.3.2.4 In die tydperk vanaf die vorige Sinode is daar baie toevoegings tot hierdie webwerf gemaak. Die Jeugkantoor ontvang terugvoer op die webwerf dat kerke die inligting graag gebruik en baie dankbaar daarvoor is. | 2.3.2.4 Since the previous Synod the website has been developed extensively. Feedback on the website shows that churches find the information useful and greatly appreciate it. |
| 2.3.2.5 Gemeentes en/of individue wat hulpmiddels en toerusting vir jeugbediening het, word versoek om dit per e-pos vir Wilna Myburgh aan te stuur (gkjeugkantoor@gmail.com) sodat sy dit op die GK Jeug-webblad kan laai. | 2.3.2.5 Churches and/or individuals who have equipping and teaching aids for youth ministry are requested to send them via e-mail to Wilna Myburgh (gkjeugkantoor@gmail.com) that she may load it onto the GK Youth website. |
| 2.3.2.6 Die Jeugkantoor doen hiermee ook 'n spesiale versoek dat gemeentes en/of individue wat Engelse leesstof beskikbaar het dit op dieselfde manier sal deel. Die Deputate Jeugsorg wil graag die rol van 'n meer multikulturele jeugbediening inneem. | 2.3.2.6 The Youth Office also specifically requests that churches and/or individuals who have English reading material share it with the office in the same way. The Deputies Youth Ministry would like to create a more multicultural youth ministry. |
| 2.3.2.7 Die Jeugkantoor wil graag diegene wat reeds hulpmiddels en toerusting gestuur het bedank vir hul bydraes. | 2.3.2.7 The Youth Office would like to thank those who have already contributed teaching aids and equipping material. |
| 2.3.2.8 Gemeentes wat jeugkampe en/of –uitreike beplan word versoek om die inligting deur te gee aan Wilna Myburgh sodat sy dit op die GK Jeug se webblad kan laai. | 2.3.2.8 Churches planning youth camps and/or outreach programmes are requested to forward the information to Wilna Myburgh that she may load it onto the GK Youth website. |
| 2.3.3 <u>Kruispad-tydskrif</u> | 2.3.3 <u>Kruispad Magazine</u> |
| 2.3.3.1 Wat die Kruispad-tydskrif betref is die kantoor verantwoordelik vir die hantering van alle take rakende die tydskrif. | 2.3.3.1 The office is responsible for all tasks associated with the magazine. |
| **Besluit: Punte 2.1 tot 2.3.3.1 kennis geneem.** | **Decision: Points 2.1 to 2.3.3.1 noted.** |
| **3. Sake waaroor die Sinode besluit** | **3. Matters that the Synod decides on** |
| 3.1 Die Jeugkantoor gaan voort met sy werksaamhede. | 3.1 The Youth Office should continue its work. |
| **Besluit: Goedgekeur.** | **Decision: Approved.** |